

PAASFEES HOOP IN RAQQA, SIRIË

Soos Jesus, dra sy volgelinge littekens. Die afgelope paar jaar het ons die getuïenisse van gelowiges in die streek gehoor; hul lyding, volhardende geloof, moed en vermoë om te vergewe, Dit is duidelik dat, waar alle hoop vernietig skyn te wees en die lewe self vernietig, is die Opstandingskrag steeds aan die werk.

Abou Roubeen het gedeel hoe 500 Christen gesinne tot net nege gedaal het toe baie mense tydens die maande van terreur gevlug het. Met IS se oornamte het hul een dagbreek na sy huis gekom. Abou Roubeen het vir hulle gesê hy "is gereed om die jizya [losprys] te betaal of om ter wille van Christus doodgemaak te word". Abou se geloof is steeds sterk, maar die beleg het sy tol geëis. Die deurlopende lugaanvalle het hom paniekaanvalle laat beleef en hy is beseer tydens 'n missielaanval enkele dae voordat Raqqa bevry is.

Desondanks was die boodskap wat hy en ander Christen-inwoners gedeel het, een van uithouvermoë en hoop. "Ons wil hê dat ons kerke herstel moet word en dat die Christene na hul huise terugkeer," het Abou Roubeen gesê.

Na maande van terreur in sy tuisdorp, Tabeka, Sirië, het Abdel Hakeem vertel: "Alhoewel die situasie nie goed is nie, is ons ten minste nou vry en leef ons met waardigheid. Ons leef in vryheid en wag vir ons vriende en geliefdes om terug te keer om weer saam te woon soos voorheen. Daar is medelye en liefde ... Die lewe keer terug na Tabeka."

- **Dank God vir die Christene van Raqqa wat alles, selfs hul lewens, opgeoffer het om aan Hom getrou te bly.**
- **Bid vir vrede vir Sirië en 'n einde aan die konflik.**
- **Laat ons pleit dat God gebrokenheid genees, vrees verander na geloof en afsondering afbreek.**
- **Laat ons bid dat die gefluisterde aanbidding van geheime gelowiges sal uitbreek tot gejubel. Mag baie stemme, insluitend ons eie, verenig met hulle en toeneem in getalle, volume en passie.**

Laat ons saam met ons familie in die Midde-Ooste verenig in ons Paasfees lied. En mag dit weerklink van die berge en eggo in die hemel.

Bron: <https://www.sat7uk.org/pages/lent2018/>

Gebeds † Nuus



April 2018

Paasfees in 'n gebombardeerde kerk

MAAK
HOOP
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:

Posbus 72646

Lynnwoodrif, PRETORIA 0040

southafrica@sat7.org

+27(12)807 2763

+27(83)628 6488/+27(84)506 3399

Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede



Kopiereg © 2018 SAT-7

www.sat7sa.org

www.sat7.org

www.sat7uk.org

SAT-7 VIER NOROOZ SAAM MET PERSIËRS WÊRELDWYD

Miljoene Persiërs regoor die wêreld het Norooz, die Persiese Nuwe Jaar en die eerste dag van die lente op 30 Maart gevier. SAT-7 PARS het Norooz met spesiale programme, wat daarop gemik is Persiërs regoor die wêreld te bereik, gevier.

Norooz, wat 'Nuwe Dag' beteken, is 'n spesiale tyd vir Persiërs om saam met familie en vriende te spandeer. Die SAT-7 PARS familie het derhalwe ook saamgekom vir unieke Norooz-programme. "Ons wou iets aanbied sodat Persiese Christene Norooz op 'n manier wat relevant is vir hul geloof kan vier en weet dat hul familie regoor die wêreld hulle ondersteun en vir hulle bid," verduidelik Vervaardiger Moe Pooladfar. "Kykers in Iran is moontlik van ander gelowiges geïsoleer, of as hulle in die buiteland woon, is hulle ver van vriende en familie."

Die hoop is dat kykers eenheid met hul breër Persiese en Christelike familie ervaar het deur SAT-7 PARS se Norooz vieringe.

Terwyl daar met hoop en verwagting na die nuwe jaar uitsien is, het die span ook erken dat dit 'n moeilike jaar vir baie was: "Baie mense het geliefdes verloor, derhalwe het ons probeer om sensitief te wees en troos en ondersteuning aan te bied."

SAT-7 PARS se programme het die hele week 'n Norooz-tema gehad. Die kulturele tradisies en geskiedenis van Norooz, en hoe geloof in God ons kan help om die nuwe jaar met hoop en passie tegemoet te gaan, is bespreek.

Pastoor Milton, 'n bekende aanbieder op SAT-7 PARS, het kykers die nuwe jaar met gebed en aanbidding binnegelei.

- **Bid dat SAT-7 PARS die komende jaar meer Farsi-sprekendes sal lei na 'n nuwe begin en hoop in Jesus.**
- **Die Iranese kerk is een van die vinnigste groeiende kerke in die wêreld. Dank God vir die Christene en bid dat hulle sal volhard in die geloof.**
- **Bid Sy seën op die baie onbekende gelowiges in Iran. Bid dat Hy hulle sal versterk en bemoedig.**



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hul boodskappe lees:

Kyker van die Midde-Ooste - “Vandat my susters en ek Christus begin volg het, het my pa ons verbied om saam met die familie te eet. Hy het ook my een suster gedwing om met ’n man te trou wat haar kontak met ander mense weier. Ten spyte van dit alles behandel my ouer suster en ek ons pa met liefde. Bid dat hy Jesus se liefde sal verstaan.”

Kyker in Marokko - “Bid vir my dat ek ’n Bybel sal kan kry en ook vir die mense in my land dat hulle sal leer dat die Christelike geloof gaan oor vrede en liefde.”

Kyker in Afghanistan - “My ouers is vier jaar gelede vermoor deur ’n militante groep. Ek het aan my [tradisionele] geloof begin twyfel. Deur middel van jul programme het ek my ware geloof gevind. Bid dat ek ander mense kan vertel daarvan.”

Kyker in Turkye - “Ek is in ’n gereelde huwelik gedwing. My man is wreed en hard. Hy dwing my baie en het ander verhoudings. As ek van hom skei sal my familie my nie aanvaar nie. Bid asb vir my.”

Kyker in Iran - “Ek het julle gebel tydens jul [regstreekse] program en julle het vir my broer gebid wat dwelm verslaaf was. Na die gebed het my broer tuis gekom en vertel dat hy na ’n rehabilitasie sentrum gaan. Ek is so dankbaar. Hou asb aan bid vir ons.”

BOODSKAPPE UIT TURKYE

Serkan

Serkan van Istanbul het SAT-7 TÜRK gekontak nadat hy van die programme gevolg het:

“Ek het julle program *Van Aangesig tot Aangesig* met groot belangstelling gevolg. Ek is nie ’n gelowige nie, maar ag myself as baie naby aan die Christelike geloof. In die program het ek onder die indruk gekom dat die Heilige Bybel geensins ons wêreld van vandag weerspreek nie. Vandag se wêreld omstandighede plaas soveel druk op die mensdom dat daar geen ander toevlug as die Bybel is nie. Die enigste doel in hierdie moderne lewe is om te leef binne die raamwerk van die heilige beginsels wat Jesus geleer het. Ek wil jul bedank vir ’n program soos hierdie.”

Kivanç

Na die dood van sy pa het die jong Kivanç sy pyn en vroeë probeer ontvlug deur drank, rook en partytjies.

Terwyl sy ma ervaar het hoe God se krag haar dra, het Kivanç te gronde gegaan onder sy las en ook dié van sy vriende. Slegs deur sy ma se gebede en getuïenis het hy geleer dat “Jesus alreeds al ons laste en probleme op Hom geneem het”.

Sy ma was aanvanklik die enigste Christen in die omgewing en baie het haar veroordeel oor haar geloof. Vandag het almal, buiten een familielid, op grond van haar getuïenis tot geloof in Christus gekom.

- **Dank God vir SAT-7 se Turkse kanaal waardeur God se liefde sigbaar word vir die Turke.**
- **Vra dat baie mense in Turkye God se Stem sal hoor deur SAT-7.**



ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers terwyl jy hul boodskappe lees:

Kyker in Iran - “ ’n Vriend en ek het ’n Bybel aan ’n ander vriend gegee wat tot geloof gekom het. Haar ouers het ons nou hof toe gevat. Bid dat hulle nie haar Bybel sal ontdek of ons skade aandoen nie. Bid dat hulle sal verstaan wie Christus is.”

Die program, *Oordenkings met Maher Fayez met bekende sanger Maher Fayez, ontvang baie positiewe reaksie op sosiale media van kykers. Iemand skryf:* “Ons bid vir die eenheid van kerke. Ek ervaar dat die Here verheerlik word deur jou nederigheid, sagte geaardheid en wyse waarop jy mense se verering vermy. En dit terwyl jy help om kerke te verenig, iets wat keisers nie kon regkry nie. Mag die Here jou seën en jou vreugde in Jesus Christus oorvloedig maak.”

’n Jong gelowige in Iran getuig: “God gebruik julle om ons te red. Ons word geestelik gevoed deur jul lering. Oral waar ek gaan vertel ek mense alles wat ek deur jul programme geleer het. Mense waarsku my om dit nie te doen nie, mar hoe kan ek stilbly? Ek was dood en nou lewe ek.”

Van ’n 10 jaar oue kind in Egipte: “Ek het jou baie lief, *Mr Know* [aanbieder van *Wat is Dit?*]. Jy het Jesus met jou hele hart lief en ek droom dat ek eendag soos jy sal wees. Ek het een vraag: Waarom het God die engel gemaak wat Satan geword het, terwyl Hy geweet het wat gaan gebeur? Dankie vir jou liefde.”